

10 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 32

Fokusgedeelte: Psalm 32:1, 11

Verbly jou in die Here, want Hy vergewe ...

Vers 1 se waarheid is so 'n groot waarheid! Om geen skuldgevoel te hê nie, is een van die kosbaarste dinge in hierdie lewe.

Dis so 'n groot behoefte by alle mense dat almal op 'n manier besig is om dit na te jaag. Hier's 'n paar voorbeelde: Ek het nou wel hierméé drooggemaak, maar ek doen dít darem goed; ek spandeer min tyd saam met my familie, maar ek maak darem seker dat hulle genoeg geld het; ek het nou wel daardie geheime sonde waarvan niemand weet nie, maar ek is Sondae in die kerk; ek kom nie juis in die kerk nie, maar ek leef darem 'n goeie lewe; ek was nou weer baie lelik met my vrou, maar dis nie asof sy my so goed behandel nie ... Ons kan 'n klomp voorbeelde byvoeg, nie waar nie? Daar's soveel maniere waarop jy jou gewete kan stilmaak.

Dawid sê hy't probeer! Hy't probeer stilbly oor sy sonde, maar dit het amper sy lewe gekos, want dit kon nie die één ding wat Hy die nodigste gehad het, vir hom gee nie: vrede tussen Hom en God, 'n verhouding, vrymoedigheid om met sy probleme na die Here toe te draai. Dit het egter alles verander toe hy in eerlike skuldbelydenis voor God neergeval het. Dis al plek waar ek werklik 'n skoon gewete kan kry, waar ek iemand kan kry wat bereid is om my sonde op Hom te neem, sodat Hy dit nie vir my hoof toe te reken nie (Jes. 53:5)!

Hierdie plek van vergifnis is vir 'n gelowige beskikbaar, 24 uur van die dag, sewe dae 'n week, elke jaar van jou lewe! Jy kan jou rug op al die plekke van valse vrede draai! Al daardie ander maniere gaan jou iewers in die steek laat. Daarteenoor skep gereelde skuldbelydenis 'n eenheid tussen jou en die Here en 'n vrymoedigheid om na Hom toe te gaan met al jou uitdagings (vs. 6).

So, moenie dom wees nie. Gaan leef so (vs 8, 9) en jy sal daagliks in die Here kan bly wees en juig omdat jy as 'n regverdige met 'n skoon gewete sal kan leef.

Sing: Psalm 130:1, 2, 4

Ds. TF Dreyer (Randburg)